

# Lekkerbekkie Nuusbrief

12 NOVEMBER 2014 | UITGAWE 79



## Inhoud:

- \* Gratis kinder storie: Katsie
- \* Produk van die week
- \* Gratis inkleurprentjie

**annaemm**  
kinderstories



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za)

## Katsie deur Anna Emm

Katsie die kat woon by Oupa Bendrie op die plaas. Maar Katsie is vreeslik vol fiemies en verwaand. Sy dink sy is beter as die ander diere op die plaas, en sy kla oor alles.

"Ek kan nie HIER op die matjie slaap nie!" kerm Katsie. "Kyk net hoe vol stof is dit! Dit sal my kat-lyfie mos vuil maak. En sies! Vir wat stink Wagter die hond so? Hy moet tog nie naby MY lê nie! Nee, nee, nee, g'n kat kan sulke aaklige katkos eet nie! Ai, niemand op die plaas waardeer my nie..."

"As jy so ongelukkig is hier," raas die hoenders, "gaan soek 'n ander huis. Ons is moeg van jou gekerm."

En dit is presies wat Katsie doen. Sy skud haar pels skoon, wikkel haar stert, lig haar kennetjie hoog die lug in, en stap by die plaas se hek uit om 'n beter blyplek te gaan soek. lewers waar sy waardeer sal word vir die spesiale kat wat sy is.

Die eerste aand kry Katsie 'n heerlike, sagte blyplek onder die bome by die rivier. Maar skaars het sy gaan lê om te slaap, of die paddas begin tog te vreeslik raas! "Sal julle stilbly?" raas Katsie. "Ek wil slaap!"

"Ons gee niks om vir jou nie!" lag die paddas. "Ons was eerste hier."

Die volgende oggend besluit Katsie om maar voort te gaan en vir haar 'n beter blyplek te gaan soek. lewers waar sy waardeer sal word vir die spesiale kat wat sy is.

Die tweede aand slaap sy op die sagte strooi in die buurplaas se stalle. Maar ag aarde. Skaars het sy aan die slaap geraak of die muise kruip oral uit hulle gaatjies en begin te baljaar! Hulle raas en rol en stamp teen Katsie. "Hou tog op!" raas Katsie en blaas vir die muise. "Julle pla vir my!"

"Wat gee ons tog om vir jou?" lag die muise. "Ons was eerste hier. Jy is niks van ons nie."

So reis Katsie toe maar deur die wêreld, maar oral waar sy kom is daar wildvreemde diere wat haar nie ken nie, wat haar nie waardeer nie, en wat nie omgee wat van haar word nie. Uiteindelik stap sy maar weer terug na Oupa Bendrie se plaas. Sy het skaars by die plaashek ingegaan, toe kwetter die hoenders: "O, Katsie, ons is SO bly jy is terug! Oupa Bendrie het vreeslik verlang!"

"Regtig?" vra Katsie. Maar voor die hoenders kan antwoord, blaf Wagter die hond van die stoep af: "Katsie is terug! Katsie is terug! Jippiee!"

Oupa Bendrie kom uitgehardloop en tel vir Katsie in sy arms. "Jy stink," lag hy. "Maar ons gee nie om nie. Jy is by die huis. En ons is almal so bly om jou te sien. Moet asseblief nie weer weggaan nie?"

Van daardie dag af het Katsie nie meer gekla nie. Sy het geweet sy is op die beste plek in die hele wêreld – by haar huis waar almal dink sy is baie spesiaal. Al is sy nie altyd nie.

**Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!  
Kontak [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za) vir meer inligting of besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)**

**Produk van die week**

## Anrich Herbst lees kinderstories

Het jy geweet die skrywer van ons Lekkerbekkie-stories, Anna Emm, het al meer as 2000 Afrikaanse kinderstories vrygestel? Meeste van hierdie stories is op CD opgeneem deur bekende name soos Gys de Villiers, Anrich Herbst, Anna-Mart van der Mewer, Diaan Lawrenson en Vicky Davis! Lekkerbekkie Tydskrif is 'n produk van ANNA EMM (PTY) LTD – tans die grootste vervaardiger van kinderstories in die land. Besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za) vir 'n volledige katalogus.

Anrich Herbst se “HONGER GORMAJORS” storie-CD bly steeds een van ons heel gewildste titels! Dis tipies Anna Emm – propvol koddige karakters, skreeusnaakse dialoog, kreatiewe nuwe woorde, en verbeeldingsvlugte. Die CD het pas 'n nuwe baadjie gekry, en is hierdie week afgemerk na slegs R80. Begin solank stories versamel vir die langpad die vakansie, of glip “n Honger Gormajors” in jou Kerskous. Jy sal nie spyt wees nie!

Stories op die CD:

1. 'n Honger gormajors, 2. 'n Knorrige moefelantat, 3. 'n Dors akkeliekielak, 4. 'n Bangerige pimpelossie

Koop hierdie CD vir slegs R80 (geldig tot Maandag 17 Nov) by enige AnnaEmm agente, of kry dit teen die normale prys (R90) by 021 930 0908 | [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za)

# Afrikaanse kinderstories op CD...

voorgelees deur Anrich Herbst

'n  
**Honger Gormajors**  
en ander vreemde stories...

Almal weet dat gormajorse vreeslik baie eet,  
en dat akkeliekielakke altyd dors is,  
dat 'n pimpelossie vir jou 'n wens kan gee,  
en dat jy liever moet wegbly  
van 'n knorrige moefelantat...

Vier luisterstories  
voorgelees deur  
Anrich Herbst!

Kry jou  
Gormajors-CD  
nou @ slegs R80!  
Gewone prys R90 - Geldig tot 17 Nov

**annaemm**  
kinderstories


**Nuwe voorkoms!**

### Word 'n Anna Emm storie-agent!

As jy belangstel om self 'n agent vir Anna Emm se kinderstories te word, kontak [agente@annaemm.co.za](mailto:agente@annaemm.co.za) | 021 930 0908

Gratis inkleurprentjie

**Katsie** illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!  
Kontak [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za) vir meer inligting of besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)